



Volwasse Menswees

gesonde individu gesonde gesin gesonde samelewing

Kom ervaar 'n Reis in Menswees (8-dag terapeutiese ondervinding)

Ondergaan 'n intensiewe, hoë-impak vormingskursus wat gapings in jou menswees opvang.

Wil jy graag 'n nuwe, vrugbare seisoen van lewe betree sonder ou bagasie ?

Wil jy behoorlik gevestig word in jou identiteit in Christus en leer om by jou nuwe naam te leef ?

Wil jy graag 'n Bybelse model vir selfversorging, selfvernuwing en selfaanbieding aanleer wat 'n geseënde impak op al jou verhoudings sal meebring?

Is dit nie tyd dat jy begin soek na insig oor wat presies in jou binneste aangaan sodat jy jou gedrag na buite kan verander nie?

Ervaar praktiese begeleiding in 'n terapeutiese eiland-situasie waar jy in diepte bedien en versorg word in jou menswees.

Sit jy met onafgehandelde probleme uit die verlede of negatiewe emosies wat jy nie verwerk kry nie?

Sukkel jy met ou gedragpatrone, reaksiepatrone of sondige maniere waarop jy jousef handhaaf/verdedig/onttrek en wat jy net nie verander kry nie?

Kan jy die volle voordeel haal uit jou daaglikse pyn, verliese, vrese, frustrasies, konflik en dit op 'n volwasse en konstruktiewe manier hanteer sodat Jesus se karakter in jou gevorm word ?

Soek jy na Bybelse maniere om probleme op te los, om van jou lewenskrukke ontslae te raak en om verhoudinge te herstel?

Ontdek hoedat God sy storie deur jou lewensgeskiedenis en vorming wil skryf sodat jy andere spontaan hiermee kan bereik en seën.

Is jy op soek na 'n winsgewende manier om konflik te hanteer en verhoudings te herstel?

Is jy vry en genees van die skadelike gevolge wat jou ouers en ander gesagsfigure se bewuste of onbewuste opvoedingsfoute op die vorming van jou menswees gehad het?

Verstaan jy watter invloed jou gedragstyl het op jou verhouding met jousef, met ander, met God en met jou werk/natuur/skepping?

Wil jy leer hoe om praktiese diepe aanbidding as lewensstyl te integreer en te begin om die tevredenheid te smaak van hoe om jou hoogste doel van jou menswees te verwesenlik?